basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat verstaan jy onder die *Swartbewussynsfilosofie*? (1 x 2) (2)

1.1.2 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die Soweto-opstande regstreeks deur die ideologie van die Swartbewussynsbeweging beïnvloed is. (2 x 1) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, is op 28 Mei 1976 by SASM se algemene raadsvergadering bespreek? (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar oor die rolle wat Seth Mazibuko en Tsietsi Mashinini in die mobilisering van die Soweto-leerders gespeel het. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Haal DRIE skoolvakke uit die bron aan wat die apartheidsregering wou hê swart Suid-Afrikaanse leerders in Afrikaans as die onderrigmedium moes leer. (3 x 1) (3)

1.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die apartheidsregering nie op SASM se versoek gereageer het om Afrikaans as onderrigmedium af te skaf nie. (2 x 2) (4)

1.2.3 Waarom, dink jy, het leerders besluit om tydens die optog slagspreuke te dreunsing en plakkate te swaai? (1 x 2) (2)

1.3 Raadpleeg Bron 1A en 1B. Verduidelik watter EEN van die bronne (Bron 1A of Bron 1B) jy dink die bruikbaarste sal wees vir 'n historikus wat navorsing doen oor hoe die gebeure in Soweto in Junie 1976 ontvou het. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1C.

1.4.1 Watter boodskappe word deur die foto oorgedra? (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik waarom hierdie foto deur Sam Nzima plaaslik sowel as internasionaal 'n ikoniese beeld geword het. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ten opsigte van die Soweto-opstande ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik Bron 1D.

1.6.1 Hoe, volgens die bron, het die apartheidsregering gereageer op die gebeure wat in Soweto plaasgevind het? (2 x 1) (2)

1.6.2 Noem DRIE redes wat Andries Treurnicht gegee het om die Suid-Afrikaanse regering se taalbeleid te regverdig. (3 x 1) (3)

1.6.3 Waarom het die leiers van die apartheidsregime op 'n ander manier as swart ouers op die Soweto-opstande gereageer? (1 x 2) (2)

1.7 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Swartbewussynsfilosofie die Soweto-opstande van 1976 beïnvloed het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL MET DIE HANTERING VAN DIE ONREGTE VAN DIE VERLEDE?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK gestig? (1 x 2) (2)

2.1.2 Definieer die term *amnestie* in die konteks van die WVK-verhore. (1 x 2) (2)

2.1.3 Identifiseer die TWEE misdade waarvan die oortreders in Nokuthula Simelane se saak aangekla is. (2 x 1) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Willem Coetzee en Nimrod Veyi se getuienis oor die verdwyning van Nokuthula Simelane mekaar weerspreek het. (2 x 2) (4)

2.1.5 Lewer kommentaar op die manier waarop Nokuthula Simelane se nalatenskap herdenk is. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik die boodskappe wat die bron oor die werk van die WVK oordra. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.2.2 Waarom, na jou mening, het die spotprenttekenaar verwys na:

(a) Boipatong (1 x 2) (2)

(b) Niewoudt (1 x 2) (2)

2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom 'n historikus die inligting in die bron nuttig sou vind. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens Ernestina Simelane, sou 'n nuwe verhoor oor haar dogter se verdwyning onthul? (1 x 2) (2)

2.3.2 Identifiseer enige DRIE apartheid-veiligheidspolisiemanne wat die staat beweer het vir die moord op Nokuthula Simelane verantwoordelik was. (3 x 1) (3)

2.3.3 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat Ernestina Simelane haar dogter oor haar veiligheid gewaarsku het. (1 x 2) (2)

2.4 Verwys na Bron 2A en 2C. Verduidelik hoe die inligting oor Nokuthula Simelane se verdwyning in albei bronne ooreenkom. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Verduidelik waarom, volgens Desmond Tutu, die NVG se besluit om Simelane se beweerde moordenaars aan te kla 'betekenisvol en geskiedkundig' is. (2 x 2) (4)

2.5.2 Watter aanbeveling het die WVK in 2002 aan die NVG gedoen? (1 x 1) (1)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die WVK suksesvol was met die hantering van die onregte van die verlede. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE IMPLEMENTERING VAN PROGRAMME VIR STRUKTURELE AANPASSING (PSA) DEUR INTERNASIONALE FINANSIËLE INSTELLINGS AFRIKALANDE BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Waarom, volgens die bron, het die regering in Washington besluit om die ekonomieë van Derdewêreld-lande te onderdruk? (1 x 2) (2)

3.1.2 Noem die TWEE internasionale finansiële instellings in die bron wat programme vir strukturele aanpassing op ontwikkelende lande afgedwing het. (2 x 1) (2)

3.1.3 Definieer die term *liberalisering van die handel* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.1.4 Verduidelik hoe die privatisering van industrieë Afrikalande beïnvloed het. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Lewer kommentaar op waarom Leach beweer het dat programme vir strukturele aanpassing omstrede was. (2 x 2) (4)

3.2.2 Hoe, volgens Serageldin, moes die gaping tussen besteding en inkomste in ontwikkelende lande gevul word? (3 x 1) (3)

3.2.3 Verduidelik tot watter mate jy dink hierdie bron bruikbaar is vir 'n historikus wat navorsing doen oor hoe programme vir strukturele aanpassing op ontwikkelende lande afgedwing is. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne ooreenkom met betrekking tot die impak wat programme vir strukturele aanpassing op ontwikkelende lande gehad het. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik Bron 3C.

3.4.1 Gee DRIE redes in die bron wat te kenne gee dat dit lyk asof die 'ekonomiese Renaissance' vir Afrika verby is. (3 x 1) (3)

3.4.2 Haal enige TWEE bewyse uit die bron aan wat toon dat die IMF Afrika in die steek gelaat het. (2 x 1) (2)

3.4.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink skuldkansellasie vir lande in Afrika noodsaaklik geword het. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprenttekenaar oor skuldkansellasie oordra. (2 x 2) (4)

3.5.2 Hoe beeld die spotprenttekenaar die volgende uit:

(a) Die Weste (1 x 2) (2)

(b) Afrika (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die implementering van programme vir strukturele aanpassing deur internasionale finansiële instellings Afrikalande beïnvloed het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

Verduidelik tot watter mate PW Botha se poging om in die vroeë 1980's die beleid van 'grand' (groot) apartheid te hervorm met grootskaalse verset deur gemeenskapsorganisasies op voetsoolvlak begroet is.

Ondersteun jou argumente met relevante bewyse. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

Die geweld wat Suid-Afrika in die vroeë 1990's geteister het, het amper die onderhandelingsproses en die geboorte van 'n demokratiese en vrye Suid-Afrika gekelder.

Bespreek hierdie bewering krities met verwysing na die rol wat leierskap, onderhandelinge en kompromieë in 1994 in Suid-Afrika se verkryging van demokrasie gespeel het. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

Die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 was 'n belangrike katalisator (sneller) vir die politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argumente deur te verwys na relevante gebeure wat tussen 1989 en 1990 die politieke landskap in Suid-Afrika gevorm het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2**

**NOVEMBER 2016**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder is deel van 'n artikel getiteld 'The June 16 Uprising Unshackled: A Black Perspective' deur Nelvis Qekema. Dit fokus op hoe die Swartbewussynsfilosofie swart Suid-Afrikaanse leerders beïnvloed het om die gebruik van die Afrikaanse taal as onderrigmedium te betwis.

… Die boodskap van Swart Bewussyn was eenvoudig, 'Swart man, jy is op jou eie.' Dit was nie vir ons nodig om enigiets by ons onderdrukkers te bedel nie. Biko het mense selfs op 'n praktiese manier ontmoedig (gewaarsku): 'Enige swart man wat 'n wit man "baas" noem, is 'n nie-blanke.'

… Ongeag hoe pynlik dit ook al mag wees, dit is 'n geskiedkundige feit dat die 16 Junie 1976-opstande onder die direkte invloed van die Swartbewussynsbeweging (SBB), hulle ideologie en hulle leierskap, plaasgevind het. Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM), 'n studentekomponent van die SBB, het op 28 Mei 1976 hulle algemene studenteraadsvergadering gehou waar die kwessie van Afrikaans as onderrigmedium bespreek is. Die notule van die Algemene Studenteraad het die gees van die vergadering vasgevang en het beweer dat die onlangse stakings by skole teen die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium 'n teken was van protes teen 'n skoolstelsel wat 'goeie nywerheidswerkers' vir die owerhede moes produseer … 'Ons het besluit om die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium heeltemal te verwerp …'

Seth Mazibuko het die volgende getuienis by sy 1977-verhoor gegee: 'Ek het op 13 Junie 1976 hierdie vergadering bygewoon. Etlike skole van Soweto was teenwoordig. Die hoofspreker het aan ons verduidelik wat die doelwitte en oogmerke van SASM was. Hy het ook die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium bespreek en het die prefekte van ons skole gevra om na vore te kom en te verduidelik wat die posisie [by hulle skole] was. Ek het opgestaan en vir die vergadering gesê dat die Phefeni [Junior Sekondêre] Skool geweier het om Afrikaans te gebruik en dat hulle gedurende Mei 1976 klasse geboikot het.'

… Don [Tsietsi] Mashinini het voorgestel dat alle swart skole op 16 Junie 1976 'n massabetoging moes hou … Die verkiesing van die nuwe [Soweto-streek] komitee vir SASM is toe gehou. Die volgende lede is tot die komitee verkies: President, Don Mashinini van Morris Isaacson; Visepresident, Seth Malibu; ekself, (Seth Mazibuko) Sekretaris; 'n vroulike leerder [Sibongile Mkhabela] van Naledi High School ...

[Uit http://azapo.org.za/the-june-16-uprising-ushackled-a-black-perspective/. Toegang op 5 Mei 2016 verkry.]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is deel van 'n ooggetuieverslag van hoe die gebeure op 16 Junie 1976 ontvou het. Die bron is deur H Mashabela geskryf.

Skoolkinders in Soweto het vroeër daardie dag teen wit gesag in opstand gekom en aan 'n optog deur Vilakazistraat, langs Phefeni Junior Sekondêr en Orlando West Hoërskool in Soweto, deelgeneem. Die kinders het oor die jare heen gesien hoe die land se wit heersers stedelike Bantoerade, stamskole en etniese skoolrade tot stand gebring het en nou is Afrikaans as 'n onderrigmedium in die onderrig van Wiskunde, Geskiedenis en Aardrykskunde afgedwing.

Namate dae en weke sonder 'n antwoord van die regering verloop het, het die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) besluit om 'n vreedsame protesoptog te hou uit samehorigheid met die leerlinge wat klasse geboikot het. Woensdag 16 Junie is as D-dag gekies. Die groot skare het groot getalle mense, onder wie die polisie, gelok met hulle gedreunsing van slagspreuke en swaai van plakkate, sommige met boodskappe soos 'Away with Afrikaans' ('Weg met Afrikaans'), 'Amandla Ngawethu' ('Power to the People'/Mag aan die mense) en 'Free Azania' ('Bevry Azanië') …

'n Entjie verder het vyf wit polisiebeamptes in uniform langs mekaar in die middel van die pad, voor 'n see van swart gesigte, gestaan. Agter hulle het nog polisiemanne in uniform, die meeste van hulle swart en deel van die onlustepolisie, gewapen met gewere en vergesel deur polisiehonde, uit die polisiewaens geklim.

Skielik het een van die vyf polisiebeamptes eenkant toe getree en iets opgetel wat soos 'n klip gelyk het. Hy het die voorwerp tussen die skare ingeslinger. Die kinders aan die voorpunt van die groep het onmiddellik uitmekaar gespat. Hulle het klippe opgetel en weer bymekaar gekom. Hulle het 'Power, P-o-w-e-r!' (Mag) geskreeu terwyl hulle die polisie genader het. Toe het die skietery begin.

… Agterna het almal baie geskok gelyk. Die verwarde (verbysterde) leerders het toe na die strate teruggekeer. Met die hulp van motoriste en joernaliste het hulle die dooies en gewondes bymekaar gemaak en hulle van die toneel verwyder.

Mbuyisa Makhubu, 'n jong aktivis, het die patetiese liggaam van Hector Pieterson, die kind wat gesterf het, opgetel en huilend met Pieterson se beangste suster langs hom, in die pad afgehardloop.

[Uit *A People On The Boil* deur H Mashabela]

**BRON 1C**

Die foto hieronder is deur die fotojoernalis, Sam Nzima, geneem. Dit toon Mbuyisa Makhubu, wat die dooie Hector Pieterson dra, wat op 16 Junie 1976 in Soweto deur die apartheidspolisiemag geskiet is. Aan die linkerkant van die foto is Hector Pieterson se suster, Antoinette.



[Uit http://rebeccafjellanddavis.com/june16/youth-day-in-south-africa. Toegang op 27 April 2016 verkry.]

**BRON 1D**

Hierdie bron fokus op hoe die apartheidsregering op die Soweto-opstande van Junie 1976 gereageer het.

Die volgende dag (17 Junie 1976) het die regering die skole gesluit en die Suid-Afrikaanse weermag op 'n gereedheidsgrondslag geplaas. Die Adjunkminister van Bantoesake, Andries Treurnicht (met die bynaam 'Dr No'), het aangekondig: 'In die wit gebiede van Suid-Afrika [Soweto ingesluit], waar die regering die geboue oprig, die subsidies gee en die onderwysers betaal, is dit ons reg om oor die taalbeleid te besluit.'

Die Minister van Justisie, Jimmy Kruger, het die leerders van kommunisme beskuldig: 'Waarom loop hulle met hulle gebalde vuiste in die lug? Dit is tog seker die teken van die Kommunisteparty?' En Eerste Minister, John Vorster, het aangekondig: 'Die regering sal nie geïntimideer (gedreig) word nie. Opdrag is gegee dat orde ten alle koste gehandhaaf moet word.' Daardie koste sou die lewens van 174 swartes en twee wittes wat daardie dag gedood is, sowel as nog honderde wat in die daaropvolgende maande doodgemaak is, insluit. Nuus oor die skietery het oor die wêreld heen versprei en die Suid-Afrikaanse ekonomie het die skok daarvan begin voel toe beide goud- en diamantaandele gedaal het.

Die Suid-Afrikaanse regering was nietemin bereid om, soos altyd, met die uiterste geweld en onderdrukking met betogings af te reken. Die radikalisering (om revolusionêr te word) van die swart jeug het duidelik geblyk uit die geweld wat in Soweto begin het. Ouers wat gesien het hoe hulle kinders die strate invaar en hulle lewens op die spel plaas en soms verloor, is tot aksie aangespoor. Ouers in stedelike swart townships het vir die eerste keer ná die Versetbeweging van die 1950's begin om nuwe politieke groepe te organiseer.

[Uit *The Rise and Fall of Apartheid* deur L C Clark et al]

## VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE SUKSESVOL MET DIE HANTERING VAN DIE ONREGTE VAN DIE VERLEDE?

### BRON 2A

Hierdie bron fokus op die rol wat die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gespeel het in die poging om die redes vir die verdwyning van die anti-apartheidsaktivis Nokuthula Simelane vas te stel.

… Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) is na die afskaffing van apartheid gestig as 'n manier om die skeiding (gaping) tussen die onderdrukkende Nasionale Party en die demokratiese Suid-Afrika te oorbrug …

Die Simelane-familie het haar (Nokuthula se) saak by die WVK ingedien in die hoop dat haar saak opgelos sou word. Vyf wit mans, Willem Helm Johannes Coetzee, Anton Pretorius, Frederick Mong, Frederick Williams en Jacobus Ross, het om amnestie aansoek gedoen in verband met Nokuthula se ontvoering, marteling en verdwyning. By die WVK het 'n voormalige bevelvoerder van die Soweto Intelligensie-eenheid ('SIU'), Willem 'Timol' Coetzee, die man wat vir die verdwyning en dood van Nokuthula verantwoordelik was, verklaar dat Nokuthula lewend was toe hy haar laas gesien het. Die eenheid het haar in 'n spioen verander en haar na Swaziland herontplooi (teruggestuur).


Coetzee se argument is weerspreek deur sy kollega, Nimrod Veyi, wat erken het dat sy gemartel en brutaal vermoor is en in die Rustenburg-omgewing begrawe is. Die WVK het teen Coetzee se amnestie beslis met betrekking tot die marteling, maar amnestie is aan hom toegestaan vir Nokuthula se ontvoering. Die WVK het verder amnestie toegestaan aan die ander vier mans (Pretorius, Mong, Williams en Ross) vir haar marteling. Tot dusver het niemand nog na vore gekom om verantwoordelikheid vir haar verdwyning te aanvaar nie; nie die ANC of die voormalige apartheidsveiligheidsmagte het enigiets oor haar 'verdwyning' bekend gemaak nie.

'n Lewensgrootte standbeeld van Nokuthula is op 28 November 2009 deur die Mpumalanga-regering in Bethal opgerig en onthul om haar nalatenskap en bydrae tot die vryheidstryd te vereer. Verder is 'n dokumentêre program oor die lewe en verdwyning van Simelane, met die titel 'Betrayal', onder produksie van Mark Kaplan, op 10 April 2006 op SABC 1 uitgesaai.

[Uit www.sahistory.org.za/people/nokuthula-orela-simelane.
Toegang op 15 Februarie 2016 verkry.]

**BRON 2B**

Die spotprent hieronder deur Zapiro beeld Desmond Tutu en Alex Borraine uit wat die WVK teen Mount Evidence ('n berg bewyse) op lei.




[Uit *The Sowetan*, 1 Mei 1996]

| VLAKPLAAS | BOIPATONG | SHARPVILLE | NIEWOUDT | BARNARD |
|---|---|---|---|---|

**TERWYL DIE WVK TEEN DIE BERG BEWYSE UITKLIM …**

**VERGELDENDE GEREGTIGHEID**

**DESMOND, DIE MENSE VRA WAAROM SY NIE DEEL VAN DIE EKSPEDISIE IS NIE …**

**BRON 2C**

Die artikel hieronder het op 11 Februarie 2016 in *The Times* verskyn. Die titel was 'Where is my baby's grave?' ('Waar is my baba se graf?').

Vir Ernestina Simelane is dit nou of nooit. Sy hoop dat 'n moordverhoor sal onthul wat met haar dogter gebeur het wat 33 jaar gelede op 26 Februarie verdwyn het. Sy sal die apartheidsveiligheidspolisiemanne, Willem Helm Johannes Coetzee, Anton Pretorius, Frederick Barnard Mong en Msebenzi Timothy 'Vastrap' Radebe – wat Nokuthula Simelane, die 23-jarige ANC-koerier, ontvoer het en, so glo die staat, gemartel en vermoor het – in die oë kyk.

Mong, Pretorius en Coetzee het by die Waarheids-en-Versoeningskommissie vir haar ontvoering en marteling om amnestie aansoek gedoen, maar nie vir Simelane se moord nie. Radebe het nie om amnestie aansoek gedoen nie.

'Ek is alleen. Bang om soos my man dood te gaan, op soek na antwoorde wat nog nooit gekry is nie,' het Simelane gesê. Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het Maandag aangekondig dat Simelane se beweerde moordenaars op aanklagte van moord sal teregstaan. Radebe sal ook op aanklagte van ontvoering teregstaan.

… Dit was 'n koue oggend in Junie toe Nokuthula Simelane haar ma gebel het. 'Sy het my gebel om te sê dat sy veilig in Swaziland is en spoedig sou terugkeer om haar toga, rok en skoene te kom haal. Ek het vir haar gesê om dit nie te doen nie, dat daar moeilikheid was, dat die polisie haar soek. Hulle wou haar vang om inligting te kry wat sy oor die ANC gehad het.'

'… Ek gaan hof toe om antwoorde te kry. Ek wil antwoorde hê voordat hulle doodgaan, voordat hulle met hulle aaklige geheime graf toe gaan. Ek gaan bed toe en droom … van Nokuthula wat na my roep om hulp. Ek wil my baba se graf sien, met haar praat, haar huis toe bring en haar begrawe met die waardigheid wat sy verdien. As iemand net iets wil sê, my net kan vertel waar sy begrawe is. Hierdie mans moet my vertel sodat ek in vrede kan sterf.'

[Uit *The Times*, 11 Februarie 2016]

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder fokus op Desmond Tutu se reaksie op die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) se besluit om die beweerde oortreders in Nokuthula Simelane se moord te vervolg.

Emeritus aartsbiskop, Desmond Tutu, het intussen die NVG se besluit om Simelane se beweerde moordenaars te vervolg, verwelkom.

'Ek verwelkom die besluit van die NVG om 'n aantal verdagtes wat van die ontvoering, marteling en moord van die jong vryheidsvegter, Nokuthula Simelane, in 1983 verdink word, te vervolg. Dit is 'n baie betekenisvolle en historiese besluit,' het hy in 'n verklaring gesê.

Tutu het egter die oponthoud met die vervolging bevraagteken. 'Waarom het dit hulle so lank geneem? Waarom het die owerheid vir soveel jare hulle rug op Nokuthula se familie, en so baie ander families, gedraai? Waarom het die pleidooi deur haar familie dekades lank op dowe ore geval? Waarom het dit 'n belangrike aansoek by die Hooggeregshof gekos om die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging en die polisie sover te kry om hulle werk te doen? Waarom het opeenvolgende Suid-Afrikaanse regerings buitengewone stappe gedoen om die reg te verydel?'

'… Ek verstaan dat 'n polisiedossier in 1996 geopen is en dat die amnestieproses met betrekking tot die Simelane-saak in 2001 afgehandel is. Aanbevelings vir vervolging ten opsigte van meer as 300 sake, hierdie saak ingesluit, is in 2002 by die NVG gemaak. Minder as 'n handjievol van hierdie sake is verder gevoer. Die siviele saak wat in 2015 deur die Simelane-familie gemaak is om die NVG te dwing om op te tree, toon dat die regering amper onmiddellik nadat aanbevelings gemaak is, stappe gedoen het om die waarheid en verantwoordelikheid te verbloem.'

[Uit http://www.tutu.org.za. Toegang op 27 Februarie 2016 verkry.]

**VRAAG 3: HOE HET DIE IMPLEMENTERING VAN PROGRAMME VIR STRUKTURELE AANPASSING (PSA) DEUR INTERNASIONALE FINANSIËLE INSTELLINGS AFRIKALANDE BEÏNVLOED?**

**BRON 3A**

Hierdie bron is deel van 'n artikel deur A Ismi met die titel 'Impoverishing a Continent: The World Bank and International Monetary Fund in Africa' ('Die Verarming van 'n Vasteland: Die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds in Afrika'). Dit fokus op hoe Afrikalande afhanklik geraak het van programme vir strukturele aanpassing wat deur die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds (IMF) beskikbaar gestel is.

Die skuldkrisis in die 1980's het die regering in Washington die geleentheid gegee om Derdewêreld-ekonomieë 'oop te blaas' en hulle ten volle afhanklik (onderworpe) te maak deur die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) se programme vir strukturele aanpassing. Ontwikkelende lande kon van 1980 af nie meer groot lenings terugbetaal wat by Westerse kommersiële (winsgewende) banke bekom is nie. Dié banke het van die middel tot laat 1970's in 'n groot uitleenmakietie lenings aan Derdewêreld-regerings toegestaan toe stygende oliepryse hulle koffers met petro-dollar gevul het.

Die Wêreldbank en die IMF het Programme vir Strukturele Aanpassing (PSA) op ontwikkelende lande afgedwing wat geld moes leen om hulle skuld te betaal. Die Wêreldbank se PSA is in 1980 die eerste keer ingestel. Dit het die privatisering van industrieë (wat noodsaaklikhede soos gesondheidsorg en water insluit) afgedwing, asook die besnoeiing van regeringsbesteding en die oplê van gebruikersfooie, die liberalisering van kapitaalmarkte (wat tot onstabiele wisselkoershandel lei), markverwante prysbepaling (wat geneig is om die koste van basiese goedere te laat styg), hoër rentekoerse en liberalisering van die handel.

PSA het verander om groter en groter areas van binnelandse beleid te dek, nie net fiskale, monetêre en handelsbeleid nie, maar ook arbeidswetgewing, gesondheidsorg, omgewingsregulasies, staatsdiensvereistes, energiebeleid en die verkryging van goedere deur regerings.

Met die afdwing van hulle eie PSA in 1986 het die IMF 'een van die invloedrykste instellings in die wêreld' geword. Hulle 2 500 werknemers het die ekonomiese lewensomstandighede van meer as 1,4 miljard mense in 75 ontwikkelende lande voorgeskryf. Een waarnemer het dit so gestel: 'Nog nooit in die geskiedenis het 'n internasionale agentskap soveel mag uitgeoefen nie.'

[Uit http://www.halifaxinitiative.org/updir/ImpoverishingAContinent.pdf. Toegang op 16 November 2015 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie bron is deel van 'n onderhoud, getiteld *A View From Inside: The World Bank,* wat Monte Leach, redakteur van *Share International,* met Ismail Serageldin, visepresident vir Omgewings- Volhoubare Ontwikkeling by die Wêreldbank, gevoer het. Die onderhoud het gefokus op die twispunt aangaande die programme vir strukturele aanpassing.

| | |
|---|---|
| Monte Leach: | Die programme vir strukturele aanpassing is een van die mees omstrede areas van betrokkenheid vir die bank. Sommige mense sê dat hulle die armes benadeel het deur regerings te dwing om subsidies op basiese goedere te verminder of uit te skakel in ruil vir lenings by die Wêreldbank. Is dit iets waarby die bank betrokke is? |
| Ismail Serageldin: | Natuurlik. Maar, kom ek gaan 'n bietjie terug (om die agtergrond te verduidelik). Die bank is 'n koöp (medewerker) van lidstate. As ek 'n lidstaat het wat in groot moeilikheid is, wat gewoonlik die geval is, dan kom hulle nie op 'n voorkomende basis vir strukturele aanpassing nie … As hulle toestand werklik swak is, kan 'n mens op daardie tydstip regtig baie min doen, behalwe om die huidige situasie te probeer hanteer. Goeie reguit advies word nie altyd deur almal aanvaar nie, want dit is soms onaangenaam.<br><br>Ek het hierdie gesprekke in die 1980's met 'n hele paar Afrikaleiers gevoer toe ek op daardie stadium in Afrika gewerk het. Dit is nie 'n kwessie van ideologie nie; dit is 'n geval van rekenkunde (wiskunde). Jy het uitgawes en jy het inkomste, en daar is 'n gaping tussen die twee. Daar is slegs drie maniere om die gaping te vul. Een is om geld te druk, wat tot hiperinflasie sal lei, en ons weet wat die gevolge daarvan is. Terloops, die armes ly die meeste daaronder, want die elite sit gewoonlik hulle bates om in dollars. Die tweede manier is om te leen. Maar die meeste van hierdie lande het alreeds soveel lenings aangegaan dat daar 'n skuldkrisis is. Hulle kan nie hulle skuldverpligtinge nakom nie en teen die tyd wat hulle na ons kom, kan hulle nie nog lenings aangaan nie. En daarom is die derde moontlikheid om besteding te verminder en inkomste te verhoog. Daar is in openbare finansies geen vierde manier om hierdie saak op te los nie … |
| Monte Leach: | Sê jy dat programme vir strukturele aanpassing nie noodwendig 'n slegte ding is nie, dat dit afhang van hoe dit geïmplementeer word? |
| Ismail Serageldin: | Presies. Daar is 'n groot verskil in die manier waarop jy aanpassings doen. |

[Uit http://www.shareintl.org/archives/economics/ec_mlview_wb.htm.
Toegang op 15 November 2015 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n artikel deur R Naiman en N Watkins met die titel 'Has Africa "Turned the Corner" in Recent Years?' ('Het Afrika in die Afgelope Paar Jaar "oor die Ergste" Gekom?'). Dit fokus op die impak wat programme vir strukturele aanpassing op Afrika gehad het.

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het in 1998 'n reeks publikasies en openbare verklarings uitgereik waarin hulle beweer dat hulle krediet moet kry vir 'n 'ekonomiese Renaissance (herlewing) in Afrika' en 'n 'ommekeer in groeiprestasie'. Die IMF en Wêreldbank beweer dat strukturele aanpassing alreeds vrugte begin afwerp, ten minste in mikro-ekonomiese terme. As 'n mens egter die groeiprojeksies wat onlangs deur die Wêreldbank vrygestel is, ondersoek, vind jy dat die 'groei-ommekeer' kortstondig was. Volgens die Wêreldbank het die reële bruto binnelandse produk (BBP) per capita in 1996 met 1,4% gegroei, maar teen 1997 het groei tot 0,4% verminder en in 1998 het die per capita-inkomste met 0,8% gedaal. Die Wêreldbank projekteer 'n verdere afname van 0,4% in 1999. Kortom, indien daar 'n 'ekonomiese Renaissance' vir Afrika was, lyk dit asof dit verby is …

Die data wat in hierdie studie ondersoek is, gee te kenne dat die IMF in Afrika gefaal het ten opsigte van hulle eie verklaarde doelwitte en volgens hulle eie data. Groeiende skuldlas, swak groeiprestasie en die onvermoë van die meerderheid van die bevolking om hulle toegang tot onderwys, gesondheidsorg of ander basiese behoeftes te verbeter, is die algemene patroon in lande wat aan IMF-programme blootgestel is.

Die kernelemente van die IMF se programme vir strukturele aanpassing het sedert die vroeë 1980's merkwaardig bestendig gebly. Alhoewel daar die laaste jaar en 'n half al hoe meer kritiek en oproepe vir hervorming was, het geen hervormings van die IMF of hulle beleid te voorskyn gekom nie …

In die afwesigheid van enige hervorming by die IMF in die nabye toekoms word die behoefte aan skuldkansellering vir Afrika al hoe dringender. In 1997 het die enorme skuldlas 4,3% van sub-Sahara-Afrika se bruto nasionale produk (BNP) verteer. Indien hierdie hulpbronne vir beleggings aangewend is, kon die streek hulle ekonomiese groei met amper 'n volle persentasiepunt verbeter het – ongelukkig is dit meer as twee keer hulle per capita-groei vir daardie jaar. Maar die skuldlas eis ook 'n ander prys op wat miskien selfs hoër as die uitvloei van hulpbronne uit die land is: Dit verskaf die middel waardeur dit vir die IMF moontlik is om die voorwaardes van hulle programme vir strukturele aanpassing op hierdie uiters arm lande af te dwing.

[Uit http://www.cerpr.net/documents/publications/debt 1999 04.htm.
Toegang op 15 November 2015 verkry.]

## BRON 3D

Hierdie spotprent het in die *Eritrean News* verskyn met die titel 'How The World Bank And International Monetary Fund Destroy Africa' ('Hoe die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds Afrika vernietig'). Die spotprenttekenaar en die publikasiedatum is onbekend.




[Uit http://www.tesfanews.net/how-the-world-bank-and-the-imf-destroy-africa/. Toegang op 10 Oktober 2015 verkry.]

Hy sal vergewe as jy sal vergeet..

Skuldkansellasie

Die Weste

**"VERGEWE DIE SKULD IN AFRIKA"?** ... JY BEDOEL OM DIE EEUE VAN KOLONIALE UITBUITING, SLAWERNY EN DIEFSTAL VAN ONS NATUURLIKE HULPBRONNE TE VERGEET?

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Mashabela, H. 2006. *A People on the Boil: Reflections on June 16, 1976 and Beyond* (Jacana Media)

http://azapo.org.za/the-june-16-uprising-ushackled-a-black-perspective/

http://rebeccafjellanddavis.com/june16/youth-day-in-south-africa

http://www.cerpr.net/documents/publications/debt 1999 04.htm

http://www.halifaxinitiative.org/updir/ImpoverishingAContinent.pdf

http://www.shareintl.org/archives/economics/ec_mlview_wb.htm

http://www.tesfanews.net/how-the-world-bank-and-the-imf-destroy-africa/

http://www.tutu.org.za

Clark, LC. et al. 2004. *The Rise and Fall of Apartheid* (Pearson Education)

*The Sowetan*, 1 Mei 1996

*The Times*, 11 Februarie 2016

www.sahistory.org.za/people/nokuthula-orela-simelane

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V2**

**NOVEMBER 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 24 pages.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓);
  (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . _________________________

_______________________________________________ . _________________

√√√√√
Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

Kopiereg voorbehou

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | **VLAK 7** | **VLAK 6** | **VLAK 5** | **VLAK 4** | **VLAK 3** | **VLAK 2** | **VLAK 1*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1***<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?

1.1

1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Filosofie wat selfvertroue, selfhandhawing en trots onder swart Suid-Afrikaners bevorder
- 'n Filosofie wat deur Steve Biko en ander aktiviste gepropageer is vir swart Suid-Afrikaners om onafhanklik van ander rasse te wees rakende die stryd om gelykheid en geregtigheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Dit is 'n feit in die geskiedenis dat die 16 Junie 1976 opstand onder die direkte invloed van die Swartbewussynsbeweging, sy ideologie en sy leierskap plaasgevind het
- Op 28 Mei 1976 het die Suid-Afrikaanse Studentebeweging, 'n studente komponent van die BCM, sy Algemene Studenteraadsvergadering gehou waar die punt oor Afrikaans as onderrigmedium bespreek is (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Die saak oor Afrikaans as onderrigmedium (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- **Seth Mazibuko**: het leierskap getoon deur die prefekte van die skole te mobiliseer om uit een mond te praat rakende die verwerping van Afrikaans as 'n onderrigmedium by skole in Soweto; leier van SASM in Soweto
- **Tsietsi Mashinini**: was 'n invloedryke leier deur massa betogings op 16 Junie 1976 uit te roep en hy was ook verantwoordelik vir die stigting van 'n Aksiekomitee wat die Soweto-opstand aangevoer het; leier van SASM in Soweto
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Wiskunde
- Geskiedenis
- Aardrykskunde (3 x 1) (3)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die apartheidsregering het nie omgegee vir die uitdagings wat swart studente/leerlinge in die gesig gestaar het oor die gebruik van die Afrikaanse taal nie
- Die regering wou die studente wys dat hulle die magte gehad het om te besluit oor enige skoolbeleid omdat die geld wat gebruik is om skole te bedryf van die regering afkomstig was
- Die apartheidsregering het nie jong swart Suid-Afrikaanse leerlinge as 'n bedreiging beskou nie
- Die apartheidsregering het die mag van swart Suid-Afrikaanse studente onderskat
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Die studente wou hulle woede en teenkanting toon teen die gebruik van Afrikaans as 'n onderrigmedium
- Om meer leerlinge te mobiliseer om deel te neem aan die massa aksie
- Om aan die apartheidsregering te wys dat hulle braaf genoeg was om die mag van die onderdrukkende apartheidstelsel in die gesig te staar/aan te vat
- Die studente wou die aandag van die land en die wêreld trek op die negatiewe impak wat Bantoe-onderwys op swart Suid-Afrikaanse studente gehad het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3 *[Vasstelling van die nut (bruikbaarheid) van bewyse in Bron 1B of 1C – V3]*

**Kandidate kan of BRON 1A of BRON 1B kies:**

**BRON 1A**

- Die bron voorsien spesifieke historiese datums wat deurslaggewend/ noodsaaklik was vir die beplanning en organisering van die optog in Soweto
- Die bron bevat waardevolle inligting oor die rol van leierfigure soos Don [Tsietsi] Mashinini, Seth Malibu, ens. in die beplanning van die Soweto-opstand
- Die bron wys duidelik dat die Swartbewussynsfilosofie die studente van Soweto beïnvloed het om op te tree teen Bantoe-onderwys
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 1B**

- Die bron is 'n ooggetuie verslag van die gebeure wat op 16 Junie 1976 ontvou het
- Die bron beskryf die sleutel historiese gebeure wat tot die opstand op 16 Junie 1976 gelei het, plaasgevind het baie duidelik en spesifiek die rol van SASM
- Die bron gee inligting oor die slagspreuke wat studente gedurende die protes op 16 Junie 1976 gebruik het
- Die bron gee inligting oor die rol wat wit polisieamptenare gespeel het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Die polisie het met dodelike/brutale mag tydens die Soweto-opstand opgetree
- Die trauma en pyn wat deur Antoinette Pieterson en Mbuyisa Makhubu ondervind is
- Die bravade en passie van Mbuyisa Makhubu
- Die solidariteit van swart Suid-Afrikaanse studente
- Die pyn en trauma wat swart Suid-Afrikaanse studente ondervind het gedurende die Soweto-opstand
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Die foto toon hoe gehard en brutaal die apartheidsregime was in die behandeling van swart Suid-Afrikaanse kinders
- Die foto het gelei tot die verdere veroordeling van die apartheidsregering
- Dit het solidariteit in die stryd teen onderdrukking versterk
- Dit het die stryd van swart Suid-Afrikaanse studente teen Afrikaans as onderrigmedium gesimboliseer
- Dit toon die bravade van swart Suid-Afrikaanse studente teen die apartheidsregime
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5. *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1C – V3]*

- Bron 1B skets hoe leerlinge van Soweto reageer het op die gedrag van die polisie terwyl Bron 1C die reaksie van Antoinette Pieterson en Mbuyisa Makhubu toon teenoor die dood van Hector Pieterson/die gevolge van die polisie se optrede
- Bron 1B verwys na die dood van die leerlinge op 16 Junie 1976 en die bystand wat aan gewonde leerlinge gegee is terwyl Bron 1C toon hoe Mbuyisa Makhubu die lewelose liggaam van Hector Pieterson dra
- Bron 1B beskryf die gebeure op die oggend van 16 Junie 1976 terwyl Bron 1C die foto toon wat geneem is op die oggend van 16 Junie 1976
- Bron 1B beskryf die hartseer/ verdriet wat Antoinette Pieterson ondervind het terwyl Bron 1C die hartseer wat Antoinette Pieterson ondervind het, toon (4)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2)

1.6

1.6.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Die regering het die skole gesluit
- Plaas die Suid-Afrikaanse weermag op gereedheidsgrondslag
- Die regering het uiterste geweld en onderdrukking gebruik (2 x 1) (2)

1.6.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Waar die regering geboue opgerig het
- Het subsidies toegeken
- Het onderwysers betaal (3 x 1) (3)

1.6.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Hulle het nie die persoonlike ondervinding gehad van die effek van Bantoe-onderwys en rasse onderdrukking nie
- Hulle het die opstand as 'n strategie/sameswering deur swart Suid-Afrikaners om die regering omver te werp (Kommunistiese aanval) beskou
- Hulle het nie omgegee vir die lewens swart Suid-Afrikaanse kinders nie
- Wit Suid-Afrikaanse kinders was nooit onderdruk nie en het beter onderrig ontvang
- Die regering wou die Afrikaanse taalbeleid verdedig (2)
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2)

1.7 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Swart Suid-Afrikaanse studente het bewus geraak van die gevare van Bantoe-onderwys (eie kennis)
- Swart Suid-Afrikaanse studente van Soweto het 'n sin van aanmatiging getoon toe hulle die taalbeleid op 16 Junie 1976 uitgedaag het (Bron 1B)
- Swart Suid-Afrikaanse studente het onafhanklik van wit Suid-Afrikaanse opgetree (Bron 1B)
- Swart Suid-Afrikaanse studente het eenheid en solidariteit gedurende die Soweto-opstand geopenbaar (Bron 1B en 1C)
- Swart Suid-Afrikaanse studente en hulle ouers het die inisiatief geneem om die apartheidsregering uit te daag om hulle self te bevry
- Swart Suid-Afrikaanse studente was vreesloos teenoor die apartheidsregime (Bron 1D en eie kennis)
- SASM was 'n Swartbewussyn geïnspireerde studente organisasie en was die instrument in die beplanning van die Soweto-opstand (eie kennis)
- Onderwysers was politieke aktiviste gedurende die Soweto-opstand en was lede van SASO en het swart Suid-Afrikaanse studente beïnvloed met die idees van Swartbewussyn (eie kennis)
- Die Soweto-opstand was hoofsaaklik 'n stryd om die denke van swart mense teen die indoktrinasie van Bantoe-onderwys te indoktrineer (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Swartbewussynsfilosofie die Soweto-opstand van 1976 beïnvloed het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Swartbewussynsfilosofie die Soweto-opstand van 1976 beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Swartbewussynsfilosofie die Soweto-opstand van 1976 beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE SUKSESVOL IN DIE HANTERING VAN DIE ONREGTE VAN DIE VERLEDE?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Om die skeiding (gaping) tussen die onderdrukkende Nasionale Party en die demokratiese Suid-Afrika te oorbrug (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Die oortreders wou kwytskelding hê vir die politieke misdade wat teenoor politieke aktiviste gepleeg is bv. Nokuthula Simelane
- Vergifnis vir politieke misdade wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Ontvoering
- Marteling
- Verdwyning
- Moord (enige 2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Coetzee het sy bewyse voorgelê om die Soweto Intelligensie-eenheid (SIU) te beskerm terwyl Nimrod Veyi se bewyse was om die werke van die SIU bloot te lê
- Coetzee wou nie die owerhede wat die instruksies gegee het om politieke aktiviste te vermoor impliseer nie en wou daarom die waarheid verdoesel terwyl Nimrod Veyi inligting gegee het oor die plek waar die oorskot van Nokuthula Simelane begrawe is om amnestie te verkry
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die Mpumalanga regering het 'n standbeeld opgerig ter ere van Nokuthula Simelane as 'n herinnering aan die rol wat sy in die bevrydingstryd gespeel het
- Mark Kaplan produseer 'n dokumentêr oor die lewe en verdwyning van Nokuthula Simelane (2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Dit toon Desmond Tutu en Alex Boraine wat die gruweldade ondersoek wat in Suid-Afrika gepleeg is
- Dit was 'n moeilike taak om al die gruweldade wat gepleeg is te ondersoek
- Die skedels toon die gruweldade wat gepleeg is wat die WVK gepoog het om te ondersoek
- Die name toon die plekke waar hierdie gruweldade wat die WVK ondersoek het gepleeg is
- Die name van die oortreders (Niewoudt, Barnard) wat gruweldade gepleeg het en wat die WVK gepoog het om te ondersoek
- Die boodskappe wys dat die WVK nie vergeldingsgeregtigheid soos getoon deur die vrou in die bron, ondersteun het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

(a)
- Die verwysing na Boipatong (wat op 17 Junie 1992 gebeur het) dui die plek aan waar gruweldade deur koshuisinwoners wat 45 mense dood (politieke misdade) gelaat het, gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2)

(b)
- Die verwysing na Niewoudt dui die naam aan van 'n oortreder wat verantwoordelik was vir gruweldade (politieke misdade)
- Hy is aangekla vir die marteling en moord op Steve Biko
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (4)

2.2.3 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*

**Hierdie bron is bruikbaar omdat:**
- Dit toon dat die WVK gelei is deur Tutu en Boraine wie gepoog het om die gruweldade te ondersoek wat gedurende die apartheidsregering in Suid-Afrika gepleeg is
- Dit identifiseer die hoof oortreders wat verantwoordelik was vir hierdie gruweldade (apartheidsmisdade)
- Dit werp lig op die plekke waar hierdie gruweldade (apartheidsmisdade) gepleeg is
- Dit impliseer dat die WVK ten gunste was van herstellende geregtigheid en nie vergeldingsgeregtigheid nie
- Die WVK was oorweldig deur die aantal sake wat hulle moes ondersoek
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Dit sou openbaar wat met haar dogter gebeur het
- Dit sou openbaar wie haar dogter ontvoer/gemartel/vermoor/begrawe het

(enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Willem Helm Johannes Coetzee
- Anton Pretorius
- Frederick Barnard Mong
- Msebenzi Timothy 'Vastrap' Radebe (enige 3 x 1) (3)

2.3.3 *[Haal bewyse uit Bron 2C aan – V2]*
- Ernestina Simelane het haar dogter gewaarsku dat 'die polisie haar soek'
- Ernestina Simelane het haar dogter vertel dat 'die polisie haar wou arresteer'
- Ernestina Simelane het haar dogter gewaarsku om 'nie terug huis toe te kom nie' (enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2A en 2C – V3]*

- Albei bronne 2A en 2C beklemtoon die intensie van die Simelane-familie om uit te vind waar hulle dogter, Nokuthula was
- Albei bronne 2A en 2C noem die betrokkenheid van die veiligheidtak polisieman in die verdwyning van Nokuthula
- Albei bronne 2A en 2C beklemtoon dat die moordenaars van Nokuthula wie voor die WVK verskyn het om aansoek te doen vir amnestie
- Albei bronne 2A en 2C dui aan dat Nokuthula in Swaziland was
- Albei bronne 2A en 2C dui aan dat Nokuthula ontvoer, gemartel en vermoor is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Dit is die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika sedert die WVK tot stand gekom het en dat oortreders vervolg sou word
- Dit was die eerste keer sedert die WVK aanbevelings gemaak het dat die NVG op hierdie manier gereageer het
- Die NVG het genesing in hierdie saak gebring sodat die familie van Nokuthula Simelane die waarheid sou geweet het oor hulle dogter se verdwyning
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Vervolging is aanbeveel (1 x 1) (1)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit.

**Kandidate moet standpunt inneem en verduidelik <u>of</u> die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) as <u>suksesvol</u> beskou kan word in die hantering van die onregte van die verlede**

**SUKSESVOL**

- WVK se doel was om herstellende geregtigheid te verkry (eie kennis)
- Die WVK het 'n platform geskep vir slagoffers en oortreders om hulle stories te vertel (eie kennis)
- In sommige gevalle het oortreders vergifnis nagestreef en het antwoorde aan families verskaf (eie kennis)
- Oortreders kon om amnestie aansoek doen (Bron 2A)
- Vergoeding was minimaal maar is deur party slagoffers ontvang (eie kennis)
- Vergoeding het gehelp dat slagoffers weer hulle waardigheid kon behaal (eie kennis)
- Die WVK is daarom beskou as suksesvol omdat dit bygedra het tot nasiebou en versoening (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NIE SUKSESVOL NIE**

- Niemand het verantwoordelikheid aanvaar vir Nokuthula Simelane se verdwyning nie (Bron 2A)
- Oortreders is nie verantwoordelik gehou vir hulle dade nie omdat hulle vir amnestie kon aansoek doen (Bron 2A)
- Die WVK het nie antwoorde aan almal verskaf wat vrae oor die verdwyning van hulle geliefdes gehad het nie (Bron 2C)
- Die WVK is beskou as 'n heksejag wat ou wonde oopgekrap het (eie kennis)
- Die WVK het nie sy doel om versoening te bring, bereik nie (eie kennis)
- Die regering het nie opgetree volgens die aanbevelings van die WVK nie (Bron 2D)
- Die Simelane-familie se siviele saak het die NVG gedwing om tot aksie oor te gaan (Bron 2D)
- Die NVG het 'n jaar later gereageer toe hulle aangekondig het dat die oortreders vervolg gaan word (Bron 2D)
- Daarom word die WVK twintig jaar later beskou as onsuksesvol in die adressering van die onregte van die verlede (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die adressering van die onregte van die verlede.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die adressering van die onregte van die verlede.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die adressering van die onregte van die verlede.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE IMPLEMENTERING VAN PROGRAMME VIR STRUKTURELE AANPASSING (PSA) DEUR INTERNASIONALE FINANSIËLE INSTELLINGS AFRIKALANDE BEÏNVLOED?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Die skuldkrisis van die 1980's (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Internasionale Monetêre Fonds (IMF)
- Wêreldbank (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V1]*

- Handelsliberalisering verwys na ontwikkelende lande wat hulle markte oopmaak vir buitelandse handel en belegging wat Afrika aan Westerse markte
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Dat noodsaaklike dienste teruggehou is van die armes
- Die praktyk waar slegs die rykes noodsaaklike dienste kon bekostig
- Uitdiensstelling wat 'n las op die staat geplaas het om maatskaplike hulp te verleen
- Dat die staat sy verantwoordelikhede teenoor die armes laat verdwyn het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Dit het regerings gedwing om subsidies vir basiese goedere te verminder wat die armes seergemaak het
- Dit het die ekonomie Afrikalande vernietig
- Dit het die ongelykhede tussen armes en rykes vergroot
- Dit het bygedra tot armoede en hongersnood in Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Om geld te druk
- Om geld te leen
- Om uitgawes te verminder en belasting te verhoog

(3 x 1) (3)

3.2.3 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 3B – V3]*
**Kandidate kan kies <u>of</u> die inligting in die bron BRUIKBAAR tot 'n groot mate is of BRUIKBAAR tot 'n mindere mate is en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**BRUIKBAAR TOT 'N GROOT MATE**
- Dit gee insig op die redes waarom ontwikkelende lande lenings by die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank gesoek het
- Dit gee insig in die redes waarom die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank op programme vir strukturele aanpassing aangedring het
- Oor hoe programme vir strukturele aanpassing die armes geaffekteer het
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**BRUIKBAAR TOT 'N MINDERE MATE**
- Dit is slegs die siening van die adjunk president van die Wêreldbank oor die redes vir die implementering van programme vir strukturele aanpassing
- Die siening oor die redes vir die implementering van programme vir strukturele aanpassing is nie gebalanseerd nie omdat die siening van diegene wat geaffekteer word, afwesig is/ nie gekonsulteer is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3A en 3B – V3]*
- Beide Bron 3A en 3B lig toe hoe die van programme vir strukturele aanpassing op ontwikkelende nasies opgelê is
- Beide Bron 3A en 3B lig toe hoe regerings uitgawes moes verminder om te kwalifiseer vir lenings by die Internasionale Monetêre Fonds
- Beide Bron 3A en 3B lig die impak wat die strukturele aanpassingsprogramme op die armes gehad het, toe
- Beide Bron 3A en 3B lig die styging van pryse op goedere toe
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- In 1997 het die groei stadiger plaasgevind tot 0,4%
- In 1998 het per capita inkomste met 0,8% geval
- In 1999 het die Wêreldbank 'n verdere afname van 0,4% in groei/inkomste geprojekteer (3 x 1) (3)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Die skuldlas van Afrika het aansienlik toegeneem
- Lande in Afrika het 'n swak groeikoers getoon
- Die meerderheid van die bevolking in Afrika het nie daarin geslaag om hulle toegang tot onderwys, gesondheidsorg en basiese behoeftes te verbeter nie (enige 2 x 1) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Skuldterugbetalings is 4,3% van Sub-Sahara-Afrika se Bruto Nasionale Produk
- Die implementering van strukturele aanpassingsprogramme het die ekonomieë van die meeste Afrikalande verarm
- Dit sal 'n sound ekonomiese praktyk wees omdat die terugbetaling van lenings onrealisties is omdat te veel geld uit Afrikalande stroom
- Daardie hulpbronne (geld) kan gebruik word om die ekonomie met 'n volle persentasiepunt te laat groei
- Afrika het enorme skuld gehad en is verarm
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Die boodskap bevraagteken die Weste se motiewe vir die kansellering van die skuld van Afrikalande
- Die bron herinner die Weste aan die ekonomiese uitbuiting van Afrikalande (koloniale uitbuiting, verknegting en diefstal van Afrika se natuurlike hulpbronne)
- Die bron toon die onverdraagsaamheid van die Weste teenoor die welstand van Afrika (Die uitreiking van 'n sertifikaat van 'skuld kansellering' is van min waarde omdat nie al die skuld gekanselleer is nie. Afrika word steeds uitgebuit as gevolg van uitstaande lening terugbetalings, rentekoerse op daardie lenings en neokolonialisme)
- Die bron toon die arrogante houding van die Weste teenoor die ekonomiese welstand van Afrika omdat die opskrif wil hê dat Afrika die uitbuiting van die verlede moet vergewe. Geen melding word gemaak van die huidige ekonomiese uitbuiting van Afrika deur die Weste
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

(a)

- Die Weste word uitgebeeld as lande wat bevoordeel word uit die ekonomiese onderwerping van Afrikalande (Weste word uitgebeeld as goed gevoed, goed aangetrek, het toegang tot mediese sorg, brille, ens.)
- Die Weste word uitgebeeld as die lande wat beheer uitoefen oor die ekonomiese welstand van Afrikane (die Weste word uitgebeeld as groter as Afrika)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)

- Afrikalande word uitgebeeld as lande wat swaargekry het onder die uitbuiting van die Weste (Die Afrikaan in die spotprent lyk ondervoed, swak en armoedig)
- Afrikalande word uitgebeeld asof hulle aan die genade van die Weste oorgelaat is vir hulle ekonomiese welstand (Oorhandiging van 'n sertifikaat)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit.

- Die skuldkrisis van die 1980's het die Weste die geleentheid gegee om Afrikalande te onderdruk (Bron 3A)
- Die Wêreldbank en die IMF het programme vir strukturele aanpassing op Afrikalande wat geld moes leen om skuld te betaal, afgedwing (Bron 3A)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing op Afrikalande het privatisering van industrieë tot gevolg gehad wat regerings uitgawes laat verminder het en gebruikersfooie afgedwing het wat arm lande geaffekteer het (Bron 3A)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing op Afrikalande het inmenging in Afrika se interne sake tot gevolg gehad (arbeidswette wat aangepas moes word om ontwikkelende lande te pas) (Bron 3A)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing op Afrikalande het tot gevolg gehad dat die IMF die ekonomiese toestand in Afrika voorgeskryf het (Bron 3A)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing op Afrikalande het geen ekonomiese groei in Afrikalande tot gevolg gehad nie (Bron 3C)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing op Afrikalande het meer skuld, geen verbetering in gesondheidsorg en onderwys aan burgers in Afrika tot gevolg gehad (Bron 3C)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing op Afrikalande het tot gevolg gehad dat die skuldlas 4,3% van Sub-Sahara Afrika se BNP was (Bron 3C)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing toon hoe die Weste bevoordeel is uit die ekonomiese onderwerping van Afrika (Bron 3D)
- Die implementering van programme vir strukturele aanpassing toon hoe Afrika gely het as gevolg van die ekonomiese onderwerping deur die Weste (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse. **bv. toon geen of min begrip van hoe die implementering van programme vir strukturele aanpassing (PSA) deur internasionale finansiële instellings Afrikalande geaffekteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip van hoe die implementering van programme vir strukturele aanpassing (PSA) deur internasionale finansiële instellings Afrikalande geaffekteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die implementering van programme vir strukturele aanpassing (PSA) deur internasionale finansiële instellings Afrikalande geaffekteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate PW Botha se poging om die ‘grand’ apartheidsbeleid te hervorm te doen gekry het met massa interne weerstand van gewone gemeenskapsorganisasies. Kandidate moet redeneer hoe massa weerstand volgehou is wat uiteindelik die apartheidsregering gedwing het om te onderhandel met anti-apartheidsorganisasies.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate PW Botha se hervormings uitgedaag is deur gemeenskapsgebaseerde organisasies omdat dit nie die versoeke van die meerderheid Suid-Afrikaners aangespreek het nie. Hulle moet toon hoe weerstand gelei het tot die val van 'grand' (groot) apartheid.

**UITBREIDING**

- PW Botha se beleid van ‘Totale Aanslag’ en ‘Totale Strategie’
- Botha se poging om apartheid te hervorm (afskaffing van Paswette, wetgewing van vakbonde) deur die instelling van die Driekamerparlement in 1983
- Die stigting en reaksie van die UDF tot die Driekamerparlement-stelsel
- Die eerste veldtog van die UDF was die '*Don't Vote* Veldtog (om Kleurlinge en Indiërs te ontmoedig om deel te neem aan die verkiesing van die Driekamerparlement; '*Million Signature*' Veldtog teen die Driekamerparlement)
- Die toename van interne weerstand bv. Gewelddadige protes in die Vaal Driehoek en elders in Suid-Afrika
- Die Vaal Burgervereniging het huurboikotte georganiseer (Die Vaal townships het aanhoudende massa aksies onderneem; raadslede is doodgemaak; skole is geboikot)
- PW Botha het agtereenvolgende noodtoestande in 1985 en 1986 verklaar om die teenkanting teen apartheid te stuit, maar was onsuksesvol
- Die rol van vakbonde (Die stigting van COSATU was 'n keerpunte in die stryd om vryheid en demokrasie; Die *African Food Canning Workers Union* het die eerste nasionale staking uitgeroep)
- Hierdie stakings was bedoel om die werksomstandighede van werkers, wat politieke regte ingesluit het, te verbeter
- Verbruikersboikotte het 'n belangrike rol in die stryd teen Apartheid gespeel (Dit het die ekonomie geaffekteer; die dalende ekonomie het 'n negatiewe impak op wit Suid-Afrikaners gehad)
- Onderwysstryd – Onderwys Krisis Komitee, COSAS en NUSAS het die 'Onderwys Oktrooi Veldtog' (*Education Charter Campaign*), ens. geloods
- Die rol van die *End Conscription* Veldtog (Blanke Suid-Afrikaanse mans het teen verpligte militêre diens opgestaan; Menige blanke Suid-Afrikaanse soldate het gevoel dat dit verkeerd was om opstande in die woonbuurte te onderdruk)

- Die rol van Black Sash (Hulle het apartheid teengestaan, het humanitêre bystand aan slagoffers van apartheid gegee)
- Die rol van die SARK teen die apartheidsregering
- Die rol en invloed van die Massa Demokratiese Beweging (MDM) deur weerstand te bied teen PW Botha se regime
- Teen die einde van 1989 het die land onregeerbaar geword en die regering het begin om met die vryheidsbewegings te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet die rol wat leierskap, onderhandelings en kompromis in 1994 in die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika gespeel het, krities bespreek.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe insidente van geweld wat Suid-Afrika in die vroeë 1990s geteister het en aandui hoe die rol van leierskap, onderhandelings en kompromis bygedra het tot die totstandkoming van 'n demokratie in Suid-Afrika in 1994.

**UITBREIDING**
- De Klerk kom aan bewind in 1989 – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement – 2 Februarie 1990 (Leierskap)
- Die ontbanning van politieke en burgerorganisasies soos die ANC en SAKP
- Die verwydering van beperkings op COSATU en AZAPO (Leierskap)
- De Klerk se besluit om vir Mandela uit die tronk vry te laat op 11 Februarie 1990 wat die weg gebaan het vir onderhandeling (Leierskap en kompromis)
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela, NP afvaardiging onder leiding van FW De Klerk) (Leierskap, onderhandelings en kompromis)
- Pretoria Minuut – 6 Augustus 1990 (ANC het ingestem om die wapenstryd op te hef) (Leierskap, onderhandelings en kompromis)
- Derdemag geweld in Natal tussen Inkatha, dihe ANC en die apartheidsregering
- KODESA 1 (19 politieke partye uitsluitend AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigdes) (Leierskap, onderhandelings en kompromis)
- Geweld begin in sommige dele van die land soos die Transvaal en Natal
- Slegs blanke referendum en sy invloed (Maart 1992) (Leierskap)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) stort in duie. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse grondwet nie (Leierskap, onderhandelings en kompromis)
- NP wou minderheidsveto hê terwyl die ANC 'n tussentydse regering vir nie langer as 18 maande wou hê en 'n gewone meerderheidsregering
- Boipatong massaslagting en sy gevolge (17 Junie 1992)
- Bisho-slagting het die onderhandelingsproses van die baan gestuur (7 September 1992)
- Rekord van Verstandhouding geteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (Leierskap, onderhandelings en kompromis)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en die uitwerking op Suid-Afrika
- Regsgesinde (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum en sy gevolge – Junie 1993
  St James massaslagting deur APLA – Julie 1993
- Heidelberg taverne massaslagting deur APLA – Desember 1993
- Veelparty Onderhandelingsforum (Leierskap, onderhandelings en kompromis)

- Sonsondergangsklousule voorgestel deur Joe Slovo het die dooiepunt in die onderhandelings verbreek (Leierskap, onderhandelings en kompromis)
- Shell House massaslagting en sy uitwerking – Maart 1994
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 word aangekondig
- ANC wen die verkiesing en Mandela word die eerste swart President van Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELD ORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Hulle moet aandui of die val van die Sowjetunie grootliks verantwoordelik was vir die politieke veranderings wat in 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het. Hulle moet 'n gedagterigting inneem en hulle antwoord met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of die val van die Sowjetunie in 1989 gedien het as 'n belangrike katalisator (sneller) vir die politieke transformasie wat in Suid-Afrika voorgekom het en hulle gedagterigting ondersteun.

**UITBREIDING**
Kandidate kan die volgende punte insluit indien hulle saamstem met die bewering.

- Die impak van die disintegrasie van die Sowjetunie in 1989 op Suid-Afrika
- Gorbachev se hervormingsbeleid van Glasnost en Perestroika
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa het ineengestort
- Die Berlynse Muur het geval
- Veranderinge in die wêreld het bygedra tot die beëindiging van apartheid
- Die val van die USSR het die ANC van sy hoof ondersteuningsbron ontneem (finansieël, militêr en moreel en sy gevolge)
- Die Nasionale Party se bewering dat hulle Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanval beskerm, het onrealisties begin lyk
- Westerse wêreldmoondhede het die idee ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties oplos
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party regering nie blanke heerskappy onbepaald kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord vir vereistes van blanke kapitalistiese ontwikkeling was nie
- Die Slag van Cuito Cuanavale en sy gevolge
- Die veiligheidsmagte en die noodtoestand kon nie township-opstande keer nie
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n staat van depressie
- Die rol van besigheidsleiers in Suid-Afrika se politieke transformasie
- PW Botha kry 'n beroerte en word opgevolg deur FW De Klerk
- De Klerk het begin aanvaar dat swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie 'n sameswering was onder leiding van Moskou nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met progressiewe bevrydingsorganisasies samesprekings te begin.
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk 'n 'nuwe en regverdige grondwetlike bedeling' aangekondig

Kopiereg voorbehou 

- Dit het die einde van apartheid aangedui
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun** **[50]**

**TOTAAL: 150**